

ENERGIE-AANVULLINGS

VOERMOL SUPER 18

Klas: Proteïen-, Mineraal- en Energie-aanvulling vir Herkouers

VOERMOL SUPER 18 is 'n proteïen-, mineraal- en energie aanvulling vir herkouers:

- kan as sulks, ongemeng gevoer word of dit kan met ander bestanddele vermeng word;
- verbeter smaaklikheid en stimuleer voerinnname;
- verminder stowwerigheid en dus vermorsing van voer;
- voorsien energie, proteïen en minerale wat produksie stimuleer;
- bevat melasse wat 'n verskeidenheid spoorelemente voorsien;
- is 'n veelsydige produk met baie toepassings;
- is geskik vir herkouer wild.



SAMESTELLING VAN VOERMOL SUPER 18

REG NR V355 (Wet 36/1947) N-FF 0080

(g/kg)

(mg/kg)

Ruproteïen* (min)	180	Mangaan	120
Ureum (maks)	45.4	Koper	50
Ruvesel (maks)	100	Kobalt	0.6
Vog (maks)	160	Yster	100
Kalsium (maks)	6	Jodium	2
Fosfor (min)	6	Sink	150
Magnesium (min)	3.3	Selenium	1
Swael (min)	4.5	Vitamien A (IE/kg)	10 000
		Energie (MJ ME/kg)	8.8
*77.3 % afkomstig vanaf NPN			

Verpakking – 40 kg

Sien ureumwaarskuwing

GEBRUIKE VAN VOERMOL SUPER 18

PRODUKSIELEK: Gebruik **Voermol Super 18** as 'n proteïen-, mineraal- en energie-aanvulling vir beeste, skape en bokke.

Geen vermenging is nodig nie.

Voer **Voermol Super 18** aan koeie met kalwers om onnodige massaverlies na kalwing te voorkom.

Voer **Voermol Super 18** as 'n prikkellek aan ooie vanaf drie weke voor paring (vir ongeveer 6 weke).

AANBEVOLE INNAME

Beeste: 1.4 kg – 2 kg/bees/dag

Droë koeie: 1.5 kg/koei/dag (60 – 21 dae voor kalwing)

Skape: 230 g – 400 g/skaap/dag

Waar inname hoër is as die aanbevole inname moet 10 % sout ingesluit word.



VOERMOL

MINERALELEK: Meng **Voermol Super 18** met ander voerbestanddele om 'n mineralelek (6P) van goeie gehalte op groen veld en groenweiding te gee – sien menginstruksies.

INNAME: 140 g – 300 g/bees/dag
20 g – 40 g/skaap/dag

Voermol Super 18 kan gebruik word vir die meng van lekke en voere vir herkouer wild.

ENERGIELEK: Gebruik **Voermol Super 18** om 'n energielek van goeie gehalte te meng. Gebruik energielek as energie-aanvulling op veld. Gebruik energielek as energie-aanvulling vir herkouer wild.

INNAME: Skape en bokke: 230 – 400 g/dier/dag
Herkouer Wild: 150 – 300 g/dier/dag
Beeste: 1.4 – 2 kg/bees/dag
Lek vir laatdragtige en lakterende ooie:
Skape en bokke: 250 – 500 g/dier/dag

OORGANGSLEK: Die mineralelek kan ook as 'n goeie gehalte oorgangsled vir skape en beeste gebruik word.

MENGINSTRUKSIES (kg)			
	Mineralelek	Energielek	Lek vir laatdragtige ooie
Voermol Super 18	40	400	160
Voermol Procon 33	–	150	100
Graanmeel/Hominy Chop	–	300	200
Sout	50	100	50
Voermol Rumevite 12P	50	25	–
Voerkalk	–	–	5
Totaal	140	975	515
SAMESTELLING (g/kg)			
Ruproteïen (min)	57	155	150
Ureum (maks)	13	18.6	13.4
Kalsium (maks)	120	12	3
Fosfor (min)	45	8	6.5
Energie (MJ ME/kg)	–	8.9	9.6
% Proteïen vanaf NPN (maks)	78	37.3	30.5

SUIWEL



VOERMOL

UREUMWAARSKUWING

UREUM

Die meeste lekke bevat ureum wat onder sekere omstandighede gevare inhou. Tydens die formulering en vervaardiging van **Voermol-lekke** word daar gepoog om die risiko van ureumvoeding so laag as moontlik te hou. Die voorkoms van ureumvergiftiging kan verder verlaag word deur op die volgende te let:

- gebruik lekke volgens voorskrif;
- beperk lekinname tot die voorgeskrewe maksimum vlak;
- voer lekke saam met voldoende weiding en/of ruvoer;
- tref spesiale voorsorg tydens voerskaarste (droogtetoestande) om hoë lekinname te voorkom;
- voorkom die oormatige aanvanklike lekinname (southonger) deur diere, vir die eerste 14 dae, toegang tot **Voermol Rumevite 6P** te gee;
- moenie dat die lek natreën nie.

Sien ureumwaarskuwing agter op sak.

UREUMWAARSKUWING

Hierdie veevoedsel bevat NPN-(Nie-Proteïen Stikstof) bronne en moet daarom streng volgens die gebruiksaanwysings vermeng en gevoer word.

- Asyn is 'n doeltreffende middel teen NPN-vergiftiging. Meng met gelyke hoeveelheid water en doseer 'n halwe bottel per kalf/skaap en 2 – 4 bottels per bees (1 bottel = 750 ml).
- Beskerm hierdie veevoedsel teen reën. NPN is oplosbaar en diere wat so 'n oplossing drink kan vergiftig word.
- Moet nie die veevoedsel onoordeelkundig saam met ander NPN-bevattende veevoedsels voer nie. Raadpleeg 'n veekundige.
- Meng hierdie konsentraat deeglik met die voorgeskrewe bestanddele.
- Hou lekbakke vol en verhoed dat honger diere hul oorvreet. 'n Konstante daaglikse voeriname voorkom vergiftiging.
- Voordat 'n NPN-bevattende lek gevoer word, moet 'n gewone sout/fosfaatlek vir minstens 7 dae gevoer word.

GMO OPMERKING

Hierdie dierevoedsel mag grondstowwe bevat wat van GMO (geneties gemodifiseerde organismes) oorsprong is.



VOERMOL